

25 Januarie - BEDIENAAR

Skrifgedeelte: Hebreërs 8
Fokusgedeelte: Hebreërs 8:2

Met al die werkloosheid in die hemel – geen boere, polisie, tegnici, onderwysers, dominees – wonder mense wat ons in die hemel gaan doen.

In Hebreërs word hier uit die Ou Testament gepreek oor die erediens in die tabernakel, tempel, sinagoge; nou in die kerk en dan in die hierna-maals. By Sinaïberg, presies drie maande na die uittog uit Egipte, roep God sy verlose volk in erediens byeen – die eerste erediens in die Bybel (Eks 19).

Die laaste erediens in die Bybel is 'n visioen van wat in die ewigheid gaan gebeur (Openb 5). Die fokus val op die verlose skare wat voor die hemelse troon van ons Here Jesus Christus as Oorwinnaar bymekaar gebring is, waar almal besig is om die diens van lofsegging te verrig, die groot "halleluja" (*Prys die Here.*) Die simboliek van die Ou Testament se paaslam, offerdiens, brandende kandelaar en geopende heiligdom het nou in vervulling gegaan.

Dit gaan in beide hierdie Bybelse eredienste om God se omgang met sy volk, wat moontlik gemaak is deur die bloed van die versoening, deur die genade in Christus Jesus. Die agenda van hierdie eredienste is nie deur die mense bepaal nie, maar ordelik volgens die styl van die hemelse koninkryk. Jesus is die *"Een wat gaan sit het aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemel. Hy is bedienaar van die heiligdom, die ware verbondstent, wat deur die Here opgerig is en nie deur 'n mens nie"* (Heb 8:2).

Wie in vergadering met God betrek word, moet in 'n besondere verhouding met Jesus Christus staan, want Hy is die groot Liturg, dié Voor-ganger – nie Moses of dominees nie, maar Jesus. Hy is die Bedienaar van die hemelse erediens én van ons deelhê daaraan.

Elke Sondag is 'n fees voor Jesus se troon, want eens was dit Pinkster. Die Heilige Gees is uitgestort om oral en altyd in die kerk te bly.

Sing: Psalm 118:1, 12, 14; Skrifberyming 26:1, 2, 10, 11; Psalm 43:3, 4; Psalm 122:1; Psalm 146:1
Ds PK Lourens (Bloemfontein)